



SOLIDARITEIT  
NAVORSINGSINSTITUUT



Nicolien Welthagen

Augustus 2022



# Inhoud

LYS VAN TABELLE .....	3
<b>INLEIDING .....</b>	<b>4</b>
DOELWITTE.....	4
OORSIG .....	5
<b>STUDENTE-ERVARINGE EN TRADISIES .....</b>	<b>6</b>
<b>UNIVERSITEIT / INSTANSIE .....</b>	<b>14</b>
<b>KWALIFIKASIES .....</b>	<b>14</b>
<b>STUDENTEVERENIGINGS.....</b>	<b>19</b>
<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>23</b>
<b>AANHANGSEL A.....</b>	<b>1</b>
KONTAKBESONDERHEDE.....	1

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1. Universiteit / Instansie .....	14
Tabel 2. Lys van kwalifikasies .....	14
Tabel 3. Studenteverenigings en deelname.....	19
Tabel 4. Kontakbesonderhede .....	1

# INLEIDING

Akademia het 'n veldtog oor studentelewe van stapel gestuur om te bepaal watter stories en ervaringe van oudstudiante 'n blywende impak op hulleself en hul lewens gehad het. Hierdeur kan daar waarde tot Akademia se studentegemeenskap toegevoeg word om 'n betekenisvolle studentekultuur vir die toekoms te skep.

*“Oudstudiante se studentestories kan 'n bousteen vir Akademia se groeiende studentekultuur wees. Vanweë die studentelewe word daar aan gemeenskaplike sake deelgeneem; word gemeenskapsbande gestig; word vorm aan ons ideale en drome gegee; word saam feesgevier. Kwalik enige ander geskenk laat 'n blywende indruk op ons as só 'n studentelewe”* (Prof. Danie Goosen, [https://akademia.ac.za/2022/08/10/belangrikheid-van-studentelewe/?fbclid=IwAR1\\_DSONlt4\\_5-dB5ggkxtNGluAPkMhlw-3dHPgBdw6KtBuABgoQvXzRhY](https://akademia.ac.za/2022/08/10/belangrikheid-van-studentelewe/?fbclid=IwAR1_DSONlt4_5-dB5ggkxtNGluAPkMhlw-3dHPgBdw6KtBuABgoQvXzRhY)).

## DOELWITTE

Die doel van die navorsing is om deur die stories en herinneringe van oudstudiante te bepaal wat vir hulle betekenisvol van hulle studentelewe was en watter van hierdie herinneringe in 'n Afrikaanse universiteit se studentelewe behoort voort te leef.

Die spesifieke doelwitte word as volg gestel:

1. Watter studente-aktiwiteite betekenis gehad het.
2. Watter herinneringe uit universiteitsjare gekoester word.
3. Watter gebeurtenisse of aktiwiteite 'n blywende impak op oudstudiante se lewens gehad het.
4. Watter aktiwiteite, ervaringe of tradisies tot hulle karakter en 'n beter toekoms bygedra het.

Tesame met 'n webblad (<https://www.studentelewe.co.za/>) en 'n Facebook-blad (<https://www.facebook.com/groups/studentelewe1/>) waar mense aangemoedig is om hul stories en herinneringe te deel, is daar ook 'n elektroniese vraelys op Survey Monkey saamgestel: [https://www.surveymonkey.com/r/Studentelewe\\_Akademia](https://www.surveymonkey.com/r/Studentelewe_Akademia)).

Daar is gepoog om soveel as moontlik respondente te oorreed om die vraelys in te vul en ook hul stories op sosiale media te deel. 487 respondente het uiteindelik die vraelys voltooi. Daar is ook stories op die Studentelewe-webblad en Facebook gedeel en sommige respondente het selfs stemboodskappe gestuur. Hierdie data is deur middel van inhoudsanalise ontleed om spesifieke temas te identifiseer.

# OORSIG

Net meer as die helfte van die respondente het aan die NWU studeer, terwyl 22% aan UP studeer het. Kleiner persentasies respondente het aan verskeie ander universiteite en instellings studeer.

Die studente-ervaringe en-aktiwiteite wat die grootste impak op die respondente gehad het, is koshuislewe, vriendskappe, jool en vlotbou, sêr, hulle eerstejaar, sport, tradisies, kuier en sosiale aksies, 'n groepsgevoel, 'n veilige omgewing, ontgroening, kuns, taal en kultuur, spanwerk en 'n Christelike milieu asook die kerk.

Dit wat egter die werklike invloed op die respondente se lewens gehad het, was nie noodwendig die aktiwiteit of ervaring self nie, maar die betekenis of persoonlike effek wat dit op hulle gehad het. Dit was die hegte vriendskapsbande wat gesmee is, ervaringe wat gedeel is, die saam swaarkry en saam pret hê. Dit was ook die ervaring en gevoel van behoort en deel wees van 'n groep, waar inskakeling en spanwerk belangrik was. Die respondente het veral hierdie belewenisse tydens hul eerstejaar en veral in die koshuis ervaar.

Betekenisvolle lewenslesse en lewensvaardighede is deur die deelname aan 'n verskeidenheid aktiwiteite geleer en belangrike lewenservaring is daardeur opgedoen. Van die belangrikstes was tydens jool en vlotbou en selfs in die algemeen tydens ontgroening asook respondente se eerstejaar.

Daar was 'n veilige ruimte op kampus om as mens te kon groei en selfontdekking te kon doen. Hier kon eienskappe soos selfvertroue, onafhanklikheid, selfdissipline, deursettingsvermoë en goeie verhoudingsvaardighede verkry word. Ander belangrike eienskappe soos respek, trots en harde werk is veral tydens respondente se eerstejaar ontwikkel.

Liefdadigheids- en gemeenskapsprojekte, asook werk wat vir 'n groter doel gedoen is, het by baie 'n "gevoel en begrip" vir liefdadigheid en betrokkenheid by die breër gemeenskap, gevestig.

Om so 'n bietjie uit hul gemaksone "gedwing" te word en om iets te doen wat hulle nie normaalweg sou doen nie, het tog 'n bydrae tot karakterbou en selfontwikkeling gehad. Behalwe vir saam hard werk en soms saam swaarkry, was die studentelewe ook sorgvry en vol pret.

# STUDENTE-ERVARINGE EN TRADISIES

Die temas wat uit die ontleding na vore gekom het, word vervolgens bespreek en is in donkerskrif aangedui. Baie van die temas is ineengevleg en kan nie apart of losstaande bespreek word nie. Van die verbatim response word na die bespreking onder die tema-opskrifte gegee, om die temas te verdiep en te verryk.

Die meeste van die respondente het aangedui dat **koshuislewe**, en veral tydens hul eerstejaar, die grootste en lekkerste studente-ervaring vir hulle was. Hulle kon tuis voel in die koshuis en dit was 'n beskermde en veilige omgewing waar hulle saam met ander nuwe studente die kampus kon verken, aan baie aktiwiteite, van sport tot kultuur, kon deelneem en saam pret kon hê. Dit was veral die **fase van ontgroening of oriëntering** waar hulle baie nuwe mense ontmoet het en saam deur al die aktiwiteite en aanpassings moes gaan. Dit was vir baie 'n belewenis wat 'n groot impak op verskeie fasette van hul menswees gehad het en wat ook die fondasie vir die pad vorentoe as studente en jong volwassenes gelê het. Van die respondente noem dat hoewel dit 'n tradisie is wat moontlik besig is om uit te sterf, dit vir hulle baie beteken het.

Die feit dat hulle **moes inskakel en aan al die aktiwiteite moes deelneem**, het daartoe aanleiding gegee dat hulle deel van 'n **groep** geword het. Die respondente gebruik woorde soos: "samehorigheid", "broederskap", "kameraadskap", "saamwees en saamdoen" om aan te dui hoe hulle oor die groep waarvan hulle deel was, gevoel het. "Jy het geleer hoe om deel van 'n span en 'n 'team player' te wees", het een respondent gesê. Hulle sê verder dat jy as 'n groep saam gegroei het en dat dit 'n baie "ryk belewenis" vir hulle was wat hulle gevorm het en waar hulle 'n verskeidenheid lewensvaardighede geleer het.

**Trots** vir hul koshuise en die universiteit is vinnig deur die ontgroeningstyd opgebou en baie respondente beskryf hoe hierdie gevoel hulle ook steeds bybly. Jy moes jou **plek in die koshuis verdien** deur **saam te werk** en jou deel te doen en betrokke te raak. Baie respondente beskryf dit as 'n belangrike aspek van menswees wat hulle baie in hulle latere volwasse- en beroepslewe gehelp het. Hulle moes **respek** vir die seniors betoon. Tydens hierdie fase is daar reeds vroeg 'n kultuur van uitnemendheid en om hard te werk gevorm. Studente het geleer dat hulle, net soos in die lewe oor die algemeen, deur harde werk en saamwerk, sekere voorregte kon verdien, soos 'n parkeerplek of 'n enkelkamer en om later in die aande te kon uitbly. Hulle moes ook goeie **menseverhoudinge** opbou en leer hoe om mekaar in ag te neem en te ondersteun.

Die respondente beskryf hoe hulle meer **selfvertroue** in hul eerste jaar in die koshuis, en deur al die aktiwiteite en deur ontgroening ontwikkel het, hoe hulle meer **onafhanklik** en meer **uitlewend en meelewend** geword het. In hierdie fase het hulle veral baie van hulself geleer, en geleer hoe om deur te druk en **nie tou op te gooi nie**, al het dit deurnagwerk behels; veral tydens jool en vlotbou, maar ook gedurende hulle studie.

Hulle moes **selfdisipline, selfverantwoordelikheid** en **tydsbestuur** aanleer om aan alles te kan deelneem en om ook by klasse en studie uit te kom. Daar was niemand wat hulle "met 'n lepel" kon voer of seker kon maak dat hulle vir toetse en eksamens voorberei het nie. Studente moes vinnig besef dat keuses en optredes, gevolge gehad het.

Behalwe vir **karakterbou**, beskryf die respondente dat **koshuislewe** hulle **geanker** het en **tuis** laat voel het om hul menswees te ontwikkel. Hier het hulle begin besef hoe belangrik dit is om jouself deel van 'n gemeenskap te maak, waar ook al in die samelewing jy eendag sou beland. Daar was 'n "**omgeekultuur**", waar studente

mekaar gehelp het, en waar die HK ook ondersteuning en leiding gebied het. Hulle het ook geleer om alles nie te ernstig op te neem nie en hoe om soms vir jouself te kan lag.

Baie **vriendskappe** is veral tydens die eerste fase van ontgroening en jool, maar ook tydens ander aktiwiteite veral in hul eerste en tweede jaar, gevorm. Een respondent beskryf dat sy “*hartsmense*” ontmoet het. Dit het baie vir hulle beteken dat mense dieselfde taal, kultuur, waardes en lewensuitkyk gedeel het. Hegte vriendskappe wat vir jare daarna steeds hou, het ontwikkel en daar was altyd ondersteuning in moeilike tye. Dit is nie slegs die vriendskappe wat belangrik is nie, maar daar is ook **kontakte** en kennis opgebou wat later tot goeie *netwerke* in verskillende industrieë en lewensopsette aanleiding gegee het.

**Jool en vlotbou** was van die aktiwiteite en ’n tradisie wat vir baie respondente uitgestaan het. Die saam hardwerk, vir iets groter as jyself, vir liefdadigheid, is iets wat vir hulle baie spesiaal was. Hoewel dit groot pret was, was dit ook harde werk vir ’n goeie doel. Studente wat op komitees kon dien, het vinnig geleer hoe om met die korporatiewe- of sakewêreld skakeling te doen en te onderhandel, en ook hoe om goed te organiseer en reëlings te tref. Dit het by baie die besef van **sosiale verantwoordelikheid** laat ontstaan asook dat jou eie vooruitgang dikwels aan die sukses en vooruitgang van die breër gemeenskap gekoppel is.

Die **koshuis en universiteitstradisies** wat die grootste invloed op hulle gehad het, behalwe jool en ontgroening, was ook o.a. **sêrgroepe en sêraksies**. Baie studente het hier tuis gevoel en saam baie pret beleef en ook nuwe mense ontmoet en vriendskappe opgebou. Dit was vir hulle ’n lekker en kreatiewe belewenis waar hulle ook deursettingsvermoë en selfvertroue geleer het.

**Sportdeelname** was eweneens vir baie ’n hoogtepunt. Dit het ook tot kameraadskap, ondersteuning en nuwe vriendskappe aanleiding gegee. Baie moes veral tydens hulle eerstejaar aan verskillende sportsoorte deelneem, al het hulle dit nog nooit voorheen gedoen nie. Dit het ook tot karakterbou bygedra. Studente in die koshuis moes aan koshuissport deelneem en ook wedstryde gaan kyk en ondersteun het.

Die respondente beskryf hoe unieke **tradisies en die blootstelling aan kultuur**, formeel en informeel, vir hulle ’n diep en ryk belewenis op universiteit gebied het. Al was dit iets soos swem in die Calvyn op Potch of by Oom Gert gaan “chips” eet tussen klasse op Tuks, of meer formele tradisies soos ontgroening, ontheffing, telefoondiens, “sleep” of “zoep” met ander koshuise, dinees of ander “socials”, “geesvang” en intervarsity, het dit vir baie pret, maar ook vir trotse herinneringe gesorg. Baie het ook kunsuitstallings, drama-uitvoerings of kunstenaars se optredes, bygewoon en geniet.

Die **sosiale- of kuiergeleenthede** was verder iets wat die respondente altyd sal onthou. Goeie menseverhoudinge, kommunikasievaardighede en ander sosiale vaardighede is aangeleer en baie sê dat hulle selfvertroue daardeur ontwikkel het. Die respondente sê hulle het hard geleer, maar ook hard gekuier. Dit het sommige genoop om te leer hoe om te prioriseer en werk af te handel sodat hulle daarna saam met vriende kon gaan kuier het.

Van die respondente het ook genoem dat die feit dat die kampus ’n fisiese **veilige omgewing** was, vir hulle belangrik was. Hulle kon sonder vrees op die gras lê en kuier, in die aande rondstap, mense ontmoet en gesonde katekwaad aanvang. Dit was deel van vorming, sonder om oor veiligheid en welstand bekommerd te wees. Die sekuriteit op kampus, het ook aan ouers gemoedsrus gegee dat hulle kinders veilig kon wees. Die feit dat die omgewing veilig was, het ’n mate van vryheid teweeg gebring. Koshuis- en universiteitsleiers

kon vertrou word om 'n veilige en stabiele omgewing te skep waar jong mense kon leer en groei, maar ook waar hulle aktiwiteite kon geniet en saam pret kon hê. Studente kon jonk en sorgvry op kampus wees.

Die **Christelike omgewing**, veral by die NWU, het vir die respondente baie betekenis ingehou. Hulle het massakerk en Sondagoggend- of Sondagaand-kerkdienste, asook kerktore en kerkkampe geniet. Hulle het so, ook deel van 'n gemeenskap geword en hulle kon by gebedsgroepe of Bybelstudiegroepe betrokke geraak het.

Baie van die respondente het een of ander **leierskapsposisie** beklee, waar hulle ook vaardighede aangeleer het wat hulle vir die res van hul lewens kon gebruik het. Dit het aan hulle 'n sin vir verantwoordelikheid gegee en geleer.

Vervolgens, van die verbatim response, per tema (\*verbatim response is nie taalversorg nie):

## Koshuislewe

- *Om op koshuis te wees en tesame met die socials wat daarmee saamgaan het my forseer om dinge van die lewe te leer, om uit my boks te klim, meer "confidence" te bou en hoe om onafhanklik te wees. Mens leer so baie van jouself deur die hele koshuis jare.*
- *Koshuis lewe. Koshuis se tradisies, samehorigheid, deelname aan aksies. Om deel te wees van 'n koshuis met al die tradisies*
- *Om deel te wees en trots te wees op jou koshuis en universiteit. Respek vir ouer studente en mense. Jy moet jou plek in die koshuis verdien, dis nie net vanselfsprekend nie. Vriendskappe en "sussies" wat vir altyd sal hou – dis 'n tipe band wat jy vir geen persoon kan verduidelik nie. Koshuistradisies en koshuistrots.*
- *Respek vir die HK. Koshuis trots en passie. Serenade vir ander koshuise. Onskuldige pret van goed wat mens nie regtig mag doen nie, maar wat niemand skade doen nie -swem in die Calvyn.*
- *Deelname aan kultuur en koshuislewe het my 'n baie ryk belewenis gegee, en het my werklik gevorm in my breër lewensvaardigheid.*
- *Om deel van 'n koshuis te wees, is 'n ervaring wat net die mindere kan van getuig. Die kameraadskap, ondersteuning, sleep, ontgroening, kuier aande, sêr en sport het my gevorm as mens, en dan het ons nog so bietjie studeer ook! Beste tradisie is dit van 'n Wag-*n*-Bietjie dame!*
- *Die georganiseerde koshuislewe het 'n groot impak gemaak op my ontwikkeling en leer van menseverhoudings ens.*
- *Koshuis lewe sal ek vir niks verruil nie. Tradisies weet ek is in vandag se dae 'frowned upon', aangesien dit 'n mate van eksklusiwiteit het en 'behoede iemand word uitgesluit' 🙄 maar dis steeds lekker om aan iets te behoort/deel te gewees het van iets wat die toets van tyd kon weerstaan. En deur daai tipe 'swot-swaarkry' saam met iemand te gaan, bou 'n ander tipe lewenslange vriendskap.*
- *Ek was in Karlien Dameskoshuis. Daar het ek myself gevind. Ek het hartsvriendinne gemaak. Hoe ons die seniors met verskillende liedjies en rympies gegroet het en hoe ons vriendinne mekaar in die aande in die bed gaan 'in tuck' het. Ons het gereeld mamma-kos met mekaar gedeel uit ons vrieskaste uit - veral wanneer die verlange groot was.*
- *Koshuis tradisies, dit leer jou 'n trots en lojaliteit, help karakter bou en tonne vriende te maak. Jy leer jouself eers werklik op universiteit ken en die koshuis motiveer jou met die diverse aktiwiteite wat beskikbaar gestel word.*
- *Koshuistradisies -- broederskap, kameraderie. Die HK het 'n groot rol gespeel. 'n Kultuur van uitnemendheid en respek vir mekaar is gekweek, en gerugsteun deur tradisies wat saamwerk vereis het in seksie-verband.*
- *Die koshuislewe het my geanker, laat tuis voel en het my toegelaat om my menswees te laat ontwikkel. Ontgroening, uitkeningsparades, eetsaalkaskenades, sêrontvangste, inters in die damesgazelli, sokkies in die Scholtzsaal, huisvergaderings, teekan-kuiers, die beplanning en uitvoer van 'raids' op manskoshuise was alles avonture. Al het ons persoonlikhede, agtergronde en kursusse wêreldwyd van mekaar verskil, het ons het saamgelag, saamgehuil en saam deur eksamens gewroeg. Die vriendskappe wat ek in die koshuis gemaak het, bestaan steeds 30 jaar later*
- *Wag-*n*-bietjie dames koshuis het my 'n perspektief gegee van die belangrikheid om jouself deel te maak van 'n gemeenskap oral waar jy kom.*
- *Koshuislewe was die beste besluit, dit het selfdiscipline geleer en menseverhoudings gebou.*
- *Koshuise het ook strukture van senioriteit en dis belangrik dat eerstejaars wat inkom ook besef waar hulle plek in die samelewing is, dat hulle ook leer om respek vir ouer en meer ervare mense moet hê. Ook seniorontmoeting en daai tradisie is ook belangrik.*

- Die ontheffing is ook belangrik, die opbou daarnatoe en dan die gevoel van deel wees van die koshuis en die groep
- Definitief my koshuis ervaring. Daar was jy nooit alleen deur goeie tye en die moeilike tye het jy altyd vriendinne gehad wat by jou gestaan het. Die koshuis was definitief my huis weg van die huis waar vriende familie geword. Al ons gang aktiwiteite, sport en ondersteuning is van die dinge wat ek nooit sal vergeet nie.
- Koshuis - verseker. Daar is nie 'n groter trots as koshuistrots nie. Al kom jou koshuis laaste in iets - dit het nie oor wen gegaan nie. Dit het gegaan oor die tradisie van die 250 meisies wat bankvas agter mekaar staan en altyd daar sal wees vir mekaar
- Die koshuis se tradisies het my geleer om 'n "team player" te wees en dat iets net so lekker is soos jy dit vir jouself maak.
- Oriëntering het my ongelooflik baie geleer oor selfrespek asook respek vir ander. In enige omgewing, veral die werksplek is respek iets wat nooit ongesiens verby gaan nie en baie sê oor mens se karakter.
- O& B was vir my 'n belewenis as enkelkind het ek nooit gedink ek sal aanpas in 'n koshuis nie en, dit was die beste besluit ooit. Mens het saam as eerstejaars groep harde klippe gekou wat mens geleer het om deur te druk en aan toe hou en nooit op te gee nie want die beloning aan die einde was onbeskryflik. Die gees was net uit die wêreld en sal dit nooit verruil vir enige iets nie. Ons het hard geswot maar hard gespeel ook.
- Eerste jaar in koshuis het ons verpligte studietye gehad. Dit het my dissipline in my studies geleer en het ek voortgegaan daarmee selfs nadat ons onthef is. Die nodige respek (groet) wat ons moes toon teenoor senior studente en huiskomitee lede, het oorgespoel na respek vir dosente ook. Dit het my geleer om respek vir gesag en lynbestuur in die werksplek te hê.
- Die koshuislewe en alles daarom. Die leer van onbaatsugtig jou goed te deel, mekaar se emosies in ag te neem, die koshuis sosiale en sportaksies. Die vriendskappe wat 30 jaar later nog steeds bestaan.
- Definitief my koshuis ervaring. Daar was jy nooit alleen deur goeie tye en die moeilike tye het jy altyd vriendinne gehad wat by jou gestaan het. Die koshuis was definitief my huis weg van die huis waar vriende familie geword. Al ons gang aktiwiteite, sport en ondersteuning is van die dinge wat ek nooit sal vergeet nie.

## Vriendskap en samesyn

- Sleep en zoep... Ek het baie goeie vriende in al my slepe gemaak. Mense wat nou nog deel is van my lewe. Ek het baie hartsvriende op die PUK gemaak.
- Die Koor en Die Matie het vir my lewenslange vriende gegee en baie ervaring. Studente moet aan studente-aksies deelneem.
- As RAU-koshuisstudent in Skoonveld Dameskoshuis - met die heldergeel lappop-embleem op koshuisdrag waar ons as die 'Skones' bekendgestaan het - het onophoudelike deelname aan al die sosiale bedrywighede (7 dae per week) gelei tot ontmoetings met 'n klomp nuwe kennisse wat vriende geword, sommige met wie ek vandag nog kontak het.
- Jool was 'n baie goeie ervaring om vriende te maak.
- Tussen klasse op die grasperke te le en slaap, lees of kuier.
- Om deel te vorm van die JOOL komitee en toe dit help reël het die jaar daarna. Die mense wat ek daar ontmoet het, is tot vandag toe nog van my beste vriende
- KONTAKTE, naas jou graad die waardevolste deel van studentelewe. Kontakte met klasmaats wat nou saam in die industrie werk, maar ook vriende wat in verskillende industrieë werk wat so waardevol is. Dit is belangrik dat mans en dames studente apart bly, en so veilig voel in hulle tuiste, maar genoeg "skakels" met mekaar het. Dit is pret!
- Die socials met ander koshuise was besonders. Ons het volgens temas aangetrek en was forseer om uit ons gemak sones te wees. Ek het so twee van my beste vriende ontmoet en is steeds vandag boesem pëlle. Ek het van 'n klein myn dorp afgekome so die socials het my gehelp vriende maak en pret te hê.

## Jool en vlotbou

- Laat nag kuier en studeer was lekker en het mens baie "geleer", maar laat nagte wakker bly om vir iets meer en groter as jouself te werk, sonder om iets terug te kry het my geleer dat my eie vooruitgang niks beteken as die gemeenskap om my agter bly nie. 'n Mens hoef nie miljoene te gee om 'n verskil te maak nie, en jy het nie miljoene nodig om waardig te voel nie. Jou tyd, en omgee vorm 'n kameraderie wat berge kan versit. Ek koester die mense en tye waar ons blommetjies gevou het, by die DBV met honde gaan speel het, die tye wat ons vergete ou menses se hare gaan blaas het, en saam met kinders speelgoed gemaak het uit niks uit nie. Speelgoed wat niks waarde het nie maar die eerste ding was wat daai kind se "eie" besitting was. My graad het my dalk in die samelewing se oë beter gemaak, maar my ervaring het my 'n beter mens gemaak vir die samelewing"
- Dit was 'n geleentheid wat my geleer het dat as jy dink jy het niks meer in jou nie, dan sien jy hoe baie jy nog kan doen. 'n Samesyn tussen studente en almal wat saamwerk tot een doel - liefdadigheid.

- *Jool - om te besef dat mens lekker kan kuier maar dat dit oor veel groter en meer gaan as die kuier.*
- *Studente Jool Gemeenskapsdiens (SJGD). Dit was die beste plek om te leer hoe om vir ander om te gee. Om te sien van waar die geld by JOOL ingesamel word tot die werklike verskil wat ons gemaak het in die gemeenskap.*
- *Jool was die beste tye ooit. Seer vingers, kwaai seniors, moegheid, maar jy vou blommetjies dat jou vingertjies krom staan. Dit alles vir 'n goeie saak. Wanneer die vlotte in die strate van Pretoria beweeg met die pragtige Joolkoningin daarby, daai absolute trots vir jou koshuis, dan weet jy, jy is 'n student.*
- *Vir my was die Jooltye en die hele oogmerk en doel van Jool en die jaarlikse spanprojekte (wat jaarliks miljoene ingesamel het vir welsynswerk en weeshuise) die meeste pret en ook bevredigendste tye van my studentelewe. Ons het hard saamgewerk, saamgespeel en netwerke opgebou vir 'n goeie doel. Baie van ons hou nog meer as 32 jaar later gereeld kontak!*
- *Groot aksies soos Blikkieskosdag, JOOOOOOOL (natuurlik) en alle Jool-verwante aksies oos Joolympics. Die koshuis was ook die beste ervaring.*
- *Vlotbou tydens Jool: Geleer van samewerking, werk teen 'n tydskedule, onder druk werk en jy kan nie agteroor sit voor alles nie klaar is nie. Ook geleer jy kan baie pret hê sonder om alkohol hoef te gebruik.*

## Sêr of serenade

- *Sêr - bietjie uit jou gemaksone, en mens het redelik baie tyd spandeer saam met 20 ander, maar om die spangees en kreatiwiteit (wat in jou/my eie geval dalk min was) te sien lewe kry is ongelooflik lekker.*
- *Sêr all the way! Dit het so hegte band met die res van jou koshuis create, vir baie aksies met ander koshuise en lag gesorg. Dit het my geleer om onder druk te werk, deursettingsvermoë gekweek en selfvertroue gebou. Ek sal daardie ervaring vir niks verruil nie!*
- *Koshuis-sêr. Ons was ook kampus wenners - wat beteken het ons het nasionaal gaan deelneem. Dit was 'n kosbare tyd. Hard werk, opofferings, vriendskap en talente deel.*
- *Koshuis sêrenade (plaaslik en inter-varsity) was beslis my gunsteling. Om deel van 'n klein groepie uitgesoekte mans te wees wat hard werk aan om goed te presteer en 'n lekker tyd te hê wanneer jy optree voor honderde mense.*
- *Sêr was van my beste herinneringe op die PUK, vir 4 jaar het ek elke aand my hart uit gesing en so baie vriende gemaak en ervarings gehad. Die Kunste, sport, koshuis ervaringe - alles is die rede vir hoe ek vandag myself hanteer en myself in passievol uitleef, dit het my werklik gevorm.*

## Eerste jaar

- *In my eerste jaar by NWU-Potch die R&O tydperk dis soos ontgroening maar alles is pret, gejaag, admin, kampus rond wys, vorms invul, jool, vlotte bou, min slaap, nuwe mense ontmoet, gees vang, eerstejaars konsert en ja dis 'n paar goed wat 'n mens doen en ervarings opbou. Om altyd deelnemend te wees en nie skaam te wees nie glo ek het my gehelp vir die toekoms.*
- *O&B (Ontvangs en Bekendstelling). Dit was so lekker in my eerste jaar dat ek in my derde jaar 'n fopdoor was net om weer die pret daarvan te kon herleef.*
- *Die hele eerste jaar ontgroening, was 'n belewenis.*
- *En dat eerstejaars alles saam gedoen en verken het gedurende O&B*
- *Die eerstejaarsontgroening was ongelooflik lekker, spanbou, geesbou, skakels met ander departemente en koshuise het my geleer om sosiaal te wees en met mense te kan kommunikeer*
- *My ervaring as eerstejaar in Sonoptehuis, my koshuis. Dis grootmenslewe, maar ek is nuut. Daar is nuwe vriende en ek moes lewenspatrone vaslê. Dit was een lang avontuur, wat toe nie na die eerste jaar opgehou het nie.*

## Sport

- *Koshuis sport was ook 'n hoogtepunt.*
- *Die kameraadskap, ondersteuning, sleep, ontgroening, kuier aande, sêr en sport het my gevorm as mens, en dan het ons nog so bietjie studeer ook!*
- *Deelname aan alles, al het ek nog nooit sagtebal in my lewe gespeel nie, het ek sagtebal (wat nie so sag is nie) gespeel. Spansporte.*
- *Koshuisrugby het ons ook die geleentheid gegee om aktief te bly op 'n sosiale manier. Kon saam jou vriende sport beoefen, teen mekaar meeding en na die tyd saam kuier en oor die wedstryde gesels.*
- *NWU sport en om dit te kan ondersteun en te gaan kyk*
- *Koshuis rugby wedstryd aande*

## Tradisies

- *Dankbaarheid in oorvloed en dit alles te danke aan tradisie.*
- *Koshuis lewe. Koshuis se tradisies, samehorigheid, deelname aan aksies.*
- *Om deel te wees van 'n koshuis met al die tradisies.*
- *Koshuislewe en die tradisies is verseker iets wat nog elke dag saam my kom. Ek is nie een dag spyt dat ek die keuse gemaak het om koshuis toe te gaan nie.*
- *R&O was altyd 'n tradisie na aan my hart. Ek glo elke eerstejaar moet daai eerste ervaring van die universiteit ervaar en dis ook waar die eerstejaars kan sien wat vir hulle voorlê en dat hulle nou deel is van 'n groter gemeenskap.*
- *Die eerstejaarstradisies waar mens deel is van 'n koshuis maar eers bietjie afgesonder word en dan so eventueel wanneer mens bietjie vir respek gewerk het deel word van die koshuis. Dit help om soveel meer respek vir die koshuislewe te hê. Wanneer jy eventueel deel raak van die koshuis het jy 'n trots wat vir ewig by jou bly!*
- *Koshuis-lewe met koshuis-tradisies. Universiteit tradisies bv. jool, interver, sêr*
- *Al die koshuis tradisies was vir my goeie ervaring. Daar was altyd n storie agter dit.*
- *As eerstejaars, het ons binne die 1e twee weke deelgeneem aan 'n massa trompoppie event. Enige een kon deelneem. Ons het geoefen van 20h-01h die oggend. Dan weer 5h opgestaan en weer geoefen tot 6h30 en party dae PT/draf gedoen om 5h. Ons was flou, maar dit was tog lekker. As jy saam suffer, maak jy gou vriende. Sokkies, koshuis lyndans, koshuis kamp vir seniors by Dikhololo (volleyball, swem, human piramides bou in die swembad) was groot pret. Wanneer 'n mans student 21 word, het hulle die arme man vol koffie, eier en taai goed besmeer, hom aan sy bedraam vasgemaak en in ons dames koshuise op laat gaan in die hysbak, op elke vloer is die deur oopgemaak. Meeste ouens het dit goed hanteer en baie pret gehad. Laat aande uit, dan gaan Milo drink by Day-and-Night grill in Sunnyside totdat ons 6h die oggend weer kon inkom by die koshuis. Dan gaan eet ons ontbyt in die eetsaal en slaap 'n kishou. Het darem studeer ook, saamgewerk aan projekte, kerkdienste bygewoon, laatnagte gesels, gelag en trane gedeel. Marmite snackwiches gemaak, want ons het nie kaas, vleis of yskaste gehad nie. Talle kere my mond met Cremora verbrand, want ek kon nie wag dat die koffie afkoel nie. Glad nie al die luxuries gehad wat studente deesdae het nie. Karretjie was 'n ou golf 1979 model. Ons het hom volgepak. By rooi robot het ons die toeter gedruk dan hardloop een om die kar, skop een van die wiele en dan hou die toeter kastig op. Ongelukkig is ons wêreld nou 'n gevaarliker plek...daarmee saam raak baie student prettighede nou 'n risiko. Maar ja, hopelik binne beskermde, beheerbare areas nog moontlik!*
- *Eerstejaarsontgroening & Sangfees. Interkoshuis serries/ danse/ huisfunksies*

## Kuier en “socials”

- *Om op koshuis te wees en tesame met die socials wat daarmee saamgaan het my forseer om dinge van die lewe te leer, om uit my boks te klim, meer confidence te bou en hoe om onafhanklik te wees. Mens leer so baie van jouself deur die hele koshuis jare.*
- *Massakerk in die Ouditorium; Intervarsity; Sangfeeste; Geesvang en Interkoshuis 'socials' was die hoogtepunte wat goeie afleiding verskaf het en veroorsaak het dat 'n mens in jou sorglose studentejare soms vergeet het dat 'akademie' die eintlike rede is waarom jy op universiteit is.*
- *ALS daarvan het bygedra! Die socials, sêr, Ink, Clubhuis, HK, sleep, Jool - letterlik ALS!!*
- *Koshuis socials was alles*
- *Die socials met ander koshuise was besonders. Ons het volgens temas aangetrek en was forseer om uit ons gemak sones te wees. Ek het so twee van my beste vriende ontmoet en is steeds vandag boesem pèlle. Ek het van 'n klein myn dorp afgekom so die socials het my gehelp vriende maak en pret te hê.*
- *Hard geswot en lekker gekuier*
- *Koshuis etes, koshuis touch rugby, sleep met dames koshuise, senior voorregte met parkerings / sitplekke. SR ambassadeurs van koshuise by sosiale en sport aktiwiteite.*
- *Daar was baie sosiale geleenthede. Dit het prioritisering vereis - indien jy jou take klaargemaak het vir jou studies, kon jy die sosiale geleenthede ten volle geniet.*

## Deel van 'n groep, en gevoel van behoort

- *Koshuisaksies, Gemeentekampe. Die vriendskappe wat gevorm is omdat 'omtrent' almal eende van jou dam is. Die plek waar ek my man ontmoet het en as sy beste vriendin kon groei. Die gevoel van behoort.*
- *In daardie dae was die ontgroening nog erg gewees. Daar is amper eers skade aangerig aan jou karakter voor dit beter gegaan het en jy gedink het jy sal dalk die storie oorleef. Maar op die einde van die dag het dit 'n hegte band met mense*

gevorm wat saam met jou in daardie situasie was. En 'n gevoel van kameraderie. Ons was trots op te behoort, deel te neem en te verteenwoordig.

- Koshuistradisies -- broederskap, kameraderie. Die HK het 'n groot rol gespeel. 'n Kultuur van uitnemendheid en respek vir mekaar is gekweek, en gerugsteun deur tradisies wat saamwerk vereis het in seksie-verband.
- Koshuis lewe. Koshuis se tradisies, samehorigheid, deelname aan aksies.
- Die tradisies, kuier, gedeelde waardes en samehorigheid
- Die omgee kultuur tussen studente. Vreemdelinge is bereid om saam jou, jou klas te vind en dan somer iemand voor te stel aan jou by wie jy notas en tips kan kry.

## Veilige omgewing

- My pa het van die idee van 'n heining en 'n hekweg om die kampus gehou 😊. So die veiligheid en sekuriteit was deurslaggewend vir die ouerkomitee se keuse.
- Die NWU PUK-koor het 'n groot deel van my studente lewe uitgemaak. Ek was ook deel van die koorbestuur. Daar het ek die waarde van, deursettingsvermoë, spanwerk en lojaliteit geleer. Verder het mens vaardighede soos tydsbeplanning, kommunikasie en sosiale vaardighede geleer. Die koor was 'n veilige omgewing om te groei as mens terwyl jy die tyd van jou lewe gehad het!
- Wat ek wel sal noem is dit: Universiteit, veral as jy geseënd genoeg is om 'n residensiële een by te woon, is wonderlik. Ek het die kans gehad om goed te probeer wat ek andersins nooit my hand aan sou waag nie (van fencing tot handbal), en dis 'n veilige omgewing.
- Self verantwoordelikheid gehad om projekte te bestuur binne veilige beskerming van Universiteit
